WYSIGINGSWET OP ONDERWYSWETTE
NO. 31 VAN 2007

[GOEDGEKEUR OP 21 DESEMBER 2007]
[DATUM VAN INVOERING: 31 DESEMBER 2007]

(Engelse teks deur die President geteken.)

Hierdie Wet is opgedateer tot *Staatskoerant* 38534 gedateer 4 Maart 2015.

REDAKSIONELE NOTA

Hierdie Wet is deur die " Further Education and Training Colleges Amendment Act", No. 1 van 2013 gewysig. Aangesien Wet No. 1 van 2013 nie in Afrikaans gepubliseer is nie, stel ons voor dat u die Engelse weergawe van Wet No. 31 van 2007 volg.

WET

Tot wysiging van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1996, ten einde die bepaling oor raadpleging oor die nasionale onderwysbeleid te vervang; en die bepaling oor die instelling van raadgewende liggame te wysig; tot wysiging van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, ten einde sekere woordomskrywings in te voeg; vir minimum norme en standaarde vir infrastruktuur en vermoë in openbare skole voorsiening te maak; vir ewekansige deursoeking en beslaglegging en delmmiddeltoetsing by skole voorsiening te maak; vir die werksaamhede en verantwoordelikhede van 'n prinsipaal voorsiening te maak; 'n verwysing na uitgediende wetgewing te vervang; en die identifisering van onderpresterende skole te reguleer; tot wysiging van die Wet op die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente, 1999, ten einde bepaalde tegniese aanpassings te bewerkstellig; en die werksaamhede van die raad uit te brei sodat dit geskikte studente by openbare kolleges vir verdere onderwys en opleiding insluit; tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000, die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000, en die Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001, ten einde bepaalde tegniese aanpassings te bewerkstellig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:-